



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1

FEBRUARIE/MAART 2012

WES-KAAP

PUNTE: 120

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 20 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | | | |
|------------|-------------|-----------|------|
| AFDELING A | Leesbegrip | VRAAG 1 | (30) |
| AFDELING B | Opsomming | VRAAG 2 | (10) |
| AFDELING C | Taal | VRAAG 3–6 | (60) |
| AFDELING D | Letterkunde | VRAAG 7–8 | (20) |

2. Lees die instruksies noukeurig deur.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: LEESBEGRIP**VRAAG 1****TEKS A: KOERANTBERIG**

Lees die berig hieronder en beantwoord die vrae.

“Wit gogo” (88) bly lekker in township



Dorothy Shephard en
haar nuwe familie

1. 'n Huishulp, Nomahlubi Mqwebedu, van New Brighton het so jammer gevoel vir haar werkgewer, Dorothy Shephard, dat sy vir haar blyplek gegee het. Vir Dorothy is die klein HOP-huisie waar sy nou saam met haar nuwe “familie” woon, hemel op aarde. Hierdie huisie is in die middel van New Brighton, 'n *township* wat bekend is vir misdaad.
2. Vroeër vanjaar het Dorothy se gesondheid so verswak dat sy met alles gehelp moes word. Sy kon nie eers meer self loop of haar was nie. 'n Neef, saam met wie sy in Sidwell 'n huis gedeel het, wou haar in 'n ouetehuis sit.
3. Dorothy het gesê: “Ek kry koue rillings as ek dink ek moet alleen in 'n ouetehuis gaan sit. Daar is 'n klomp siek mense wat ek glad nie ken nie.”
4. Nomahlubi Mqwebedu (59), Dorothy se getroue huishulp, het toe nie geweet wat om te doen om te help nie. Dorothy en Nomahlubi het deur die jare soos susters vir mekaar geword. Nomahlubi was jammer vir Dorothy. Sy het gesê: “Dorothy het dag en nag gehuil. Sy was bang om ouetehuis toe te gaan. Ek het begin planne maak om haar te help. In Maart vanjaar het ek haar genooi om by my in New Brighton te kom bly.”

5. Daar was soveel negatiewe stories oor die misdaad in New Brighton dat Dorothy eers bang was om daarnatoe te gaan. Maar al haar vrees het sommer gou in die klein HOP-huisie in New Brighton verdwyn.
6. “Ek word soos ’n koningin versorg. Hier is ’n haan wat my elke môre wakker kraai en laat dink aan my kinderdae op die plaas. Hier hardloop kindertjies met blink gesiggies in en uit. Hier is ook altyd ander oumense wat inkom vir tee en gesels,” het Dorothy gister opgewonde gesê met ’n bakkie krummelpap en suurmilk op haar skoot.
7. Dorothy sê die bure was eers verbaas oor die wit gogo wat langs hulle ingetrek het. Hulle het haar gou laat welkom voel. Hulle besoek haar gereeld. Sy voel veilig by haar nuwe “familie”.
8. Vir Dorothy se verjaarsdag op 18 April, het Nomahlubi koek, lekkers en koeldrank gekoop en álmal genooi. Volgens Dorothy was dit die beste partytjie van haar lewe.

[Verwerk uit: *Die Burger*, 6 Mei 2011]

gogo – ouma, ouer vrou (uit Zoeloe, ugogo)

- 1.1 Hoe oud is Dorothy? (1)
- 1.2 Waar is Nomahlubi se HOP-huis? (1)
- 1.3 Kies die korrekte antwoord en skryf net die letter (A–D) neer.

Wat bedoel Dorothy met die vetgedrukte woorde in die volgende sin?
Dorothy sê dis “**hemel op aarde**” in die HOP-huisie waar sy bly. (Paragraaf 1)

Die vetgedrukte woorde beteken dit is baie ...

- A besig.
B gevaarlik.
C lekker.
D raserig. (1)

- 1.4 In watter woonbuurt het Dorothy en haar neef gebly? (1)

- 1.5 Kies die korrekte antwoord en skryf net die letter (A–D) neer.

Wat bedoel Dorothy met die vetgedrukte woorde in die volgende sin?
“Ek kry **koue rillings** as ek dink ek moet alleen in ’n ouetehuis gaan sit.”


Die vetgedrukte woorde beteken sy ...

- A is baie bang.
B kry baie koud.
C voel baie grillerig.
D is baie bly. (1)

- 1.6 Lees paragraaf 4 en dan paragraaf 6. Voltooi die volgende sin oor hoe Dorothy se gevoelens verander het.
- In paragraaf 4 lees ons dat Dorothy die heelyd (1.6.1) ... het. Maar in paragraaf 6 is sy (1.6.2) ... (2)
- 1.7 Voltooi die volgende sin deur die KORREKTE antwoord te kies. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.
- Dorothy se opinie oor New Brighton het verander omdat ...
- A die bure nie meer verbaas is oor die wit gogo langs hulle nie.
 B daar nie meer negatiewe stories oor New Brighton was nie.
 C almal in New Brighton haar welkom laat voel het.
 D sy net te bly was om nie ouetehuis toe te gaan nie. (1)
- 1.8 Daar kom ander mense van Dorothy se ouderdom om by haar tee te drink.
- 1.8.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 1.8.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.8.1 deur 'n sin aan te haal. (1)
- 1.9 Voltooi die volgende sinne. Skryf net die vraagnommer en die KORREKTE antwoord neer. Kies jou antwoord uit die woorde in die raampie hieronder.
- | |
|------------------------------|
| bang; tuis; gewoond; verbaas |
|------------------------------|
- Dit gaan goed met Dorothy in New Brighton. Sy voel daar (1.9.1) ... Die bure is nou (1.9.2) ... aan haar. (2)
- 1.10 Wat maak Dorothy elke oggend wakker? (1)
- 1.11 Wanneer is die onderhoud, volgens die artikel (paragraaf 6), met Dorothy gevoer?
- Kies die KORREKTE antwoord en skryf net die letter (A–D) neer.
- A 3 Mei 2011
 B 4 Mei 2011
 C 5 Mei 2011
 D 6 Mei 2011 (1)
- 1.12 Waarom kan ons sê dat Dorothy tevrede is met eenvoudige kos? (2)
- 1.13 Hoe noem Dorothy se nuwe bure haar? (1)
- 1.14 Watter les kan Dorothy se neef by Nomahlubi leer? (1)
- 1.15 Watter insident van die koerantberig laat jou:
- 1.15.1 Hartseer voel (1)
 1.15.2 Gelukkig voel (1)

TEKS B: WEERBERIG

Lees die weerberig hieronder en beantwoord die vrae.



| Die week se weer | Vandag landwyd | Reën |
|---|---|--|
| (Johannesburg) Môre: 09/23. Warm en gedeeltelik bewolk. Oormôre: 11/26. Warm en sonnig. Sondag: 13/29. Warm en sonnig. | Gauteng, Vrystaat, Mpumalanga, Noordwes, Noord-Kaap, Wes-Kaap: Matig en gedeeltelik bewolk. Oos-Kaap, KZN, Limpopo: Matig met reën. | MPUMALANGA: Vaalhoek 4 mm NOORDWES: Klerksdorp 5 mm VRYSTAAT: Bethlehem 4 mm NOORD-KAAP: Koinghaas 12 mm WES-KAAP: Jonkershoek 38 mm LIMPOPO: Tzaneen 31 mm KZN: Van Reenen 10 mm OOS-KAAP: Barkly-Oos 2 mm |

[Uit: Beeld, Donderdag 20 Oktober 2011]

- 1.16 Watter dorp in die Vrystaat se minimum temperatuur gaan die laagste wees? (1)
- 1.17 Durban 18/23 S
- 1.17.1 Waarvoor staan S? (1)
- 1.17.2 Kies die korrekte antwoord tussen hakies.
23° is die (minimum/maksimum) temperatuur by Durban. (1)
- 1.18 Hoe laat sak die son in Johannesburg op 20 Oktober 2011? (1)
- 1.19 Vir watter plek in die Oos-Kaap word daar ligte reën voorspel? (1)
- 1.20 Kyk na “Die week se weer”.
- Wat sal Johannesburg se minimum temperatuur op Saterdag 22 Oktober 2011 wees? (1)
- 1.21 Watter tipe weer word vir KZN voorspel in “Vandag landwyd”? (1)
- 1.22 Watter dorp in die Noord-Kaap het 12 mm reën gekry? (1)
- 1.23 Watter plek in Namibië lê heelbo links op die kaart? (1)
- 1.24 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.
- Hoe sterk gaan die wind in die omgewing van George waai?
- A 10 km/h
B 20 km/h
C 55 km/h
D 40 km/h (1)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING**VRAAG 2: WENKE VIR 'N MOOI VEL**

- In die teks is daar 7 wenke vir 'n mooi vel. Som hierdie 7 wenke op.
- Moenie net die opskrif by elke nommer oorskryf nie (bv. sonskerm, slaap, water, ens.)
- Jou opsomming moet ongeveer 60 woorde wees.
- Die opsomming moet puntsgewys (1–7) opgesom word.
- Skryf die punte onder mekaar neer.
- Skryf die getal woorde onder aan die opsomming neer.

WENKE VIR 'N MOOI VEL**1. Sonskerm**

Baie mense bring te veel tyd in die son deur. Die son is nie goed vir jou vel nie. As jy in die son moet wees, smeer sonskerm aan.

2. Slaap

Jy moet 8 ure per nag slaap. Terwyl jy slaap, word nuwe selle gevorm en die skade aan jou vel word herstel.

3. Eetgewoontes

Eet genoeg vrugte en groente vir 'n mooi vel. 'n Goeie dieet van groente en vrugte, laat jou niere en lewer goed werk. Dit hou jou liggaam skoon.

4. Oefening

Oefening laat suurstof in jou bloed beweeg en laat nuwe selle groei. Gereelde oefening is dus belangrik vir 'n mooi vel.

5. Velroom

Almal het verskillende veltipes. Party mense se vel is droog en ander s'n is olierig. Kies die regte velroom vir jou tipe vel.

6. Higiëne

Maak seker dat jy jou vel aan die einde van elke dag skoon maak. Jou liggaam neem suurstof deur die vel op; daarom is dit nodig dat jou vel asemhaal.

7. Water


As daar genoeg water in jou sisteem is, spoel dit alle slegte stowwe uit jou liggaam. Om gesond te bly en 'n mooi vel te hê, moet jy dus elke dag 8 glase water drink.

[Verwerk uit: *Leef*, Januarie 2008]

TOTAAL AFDELING B:**10**

AFDELING C: TAAL**VRAAG 3: WOORDSTRUKTURE**

Kyk na die prent hieronder en beantwoord die vrae.



- Skryf net die vraagnommer en die KORREKTE antwoord neer.
- Al die antwoorde in hierdie vraag moet KORREK gespel word.

- 3.1 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.
Die mans dra mooi (hemde, broeke en baadjies). (1)
- 3.2 Gee die SAMESTELLING van die woorde tussen hakies.
Die meisie het 'n (hand + sak). (1)
- 3.3 Kies die korrekte VOORSETSEL.
Die man kyk (aan/na) die meisie. (1)
- 3.4 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.
John maak vanaand (goed) musiek. (1)
- 3.5 Gee die korrekte TRAP VAN VERGELYKING vir die woord tussen hakies.
Die mense dink John sing (mooi) as Dozi. (1)

- 3.6 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.
John hou sy mikrofoon vas. Hy staan (met + dit) in sy hand. (1)
- 3.7 Kies die AFKORTING tussen hakies vir die woord “asseblief”.
Almal vra dat John (asb./a.u.b.) weer moet sing. (1)
- 3.8 Gee die INTENSIEWE VORM vir die woord tussen hakies.
Die gaste sit (stil) en luister. (1)
- 3.9 Kies die KORREKTE antwoord.
Almal (hou om/hou daarvan om) na John te luister. (1)
- 3.10 Skryf die GETAL in woorde.
John sing al vandat hy (15) jaar oud is. (1)
- 3.11 Kies die korrekte vorm van die INFINITIEF.
John leer die meisie (om te/te) sing. (1)
- 3.12 Gee die VERKLEININGSVORM van die woord tussen hakies.
Hy sing vir haar ’n mooi (lied). (1)
- 3.13 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.
John en sy (vriend) kuier lekker saam. (1)
- 3.14 Gee die MANLIKE VORM van die woord tussen hakies.
John is ’n bekende (sangeres). (1)
- 3.15 Gee die korrekte DEELWOORD vir die woord tussen hakies.
John het voor (belangstel) gaste opgetree. (1)
- 3.16 Kies die korrekte TUSSENWERPSEL tussen hakies.
(Ai!/Ga!/Hoera!), John het die liedjiefees gewen. (1)
- 3.17 Kies die korrekte VOORNAAMWOORD tussen hakies.
Die meisie het na die vertoning siek geword, en (haar/sy) is in ’n hospitaal opgeneem. (1)

- 4.4 VERBIND die sinne met die woord tussen hakies.
Sofia praat oor liefde. Hamlet lees sy boek. (en) (1)
- 4.5 Skryf die sin oor in die ONTKENNENDE VORM.
Hamlet spoel êrens op 'n eiland uit.
Begin só: Hamlet spoel ... (2)
- 4.6 Rangskik die woorde tussen hakies in die KORREKTE VOLGORDE. Skryf die hele sin uit.
Hamlet en Sofia stap (na die park toe) (rustig) (elke week). (1)
- 4.7 Beantwoord die vraag ONTKENNEND. Skryf die hele sin uit.
Is Sofia verlief op Hamlet?
Begin só: Nee, Sofia ... (2)
- 4.8 Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE.
Sofia sê: “Ek wil altyd by Hamlet bly.”
Begin só: Sofia ... (1)
- 4.9 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf die hele sin uit.
Hamlet (hoef nie/hoef nie om) altyd 'n boek te lees nie. (1)
- 4.10 VERBIND die sinne met die woord tussen hakies. Skryf die hele sin uit.
Sofia is kwaad vir Hamlet. Hy verkies sy boek. (omdat) (1)
- 4.11 Skryf die sin oor in die DIREKTE REDE.
Sofia sê dat sy 'n boek wil hê.
Begin só: Sofia ... (2)
- 4.12 Skryf die sin oor in die TOEKOMENDE TYD.
Hamlet hou van boeke.
Begin só: Hamlet ... (2)
- 4.13 Skryf die sin oor in die LYDENDE VORM.
Sofia het vir Hamlet geïgnoreer.
Begin só: Hamlet ... deur Sofia ... (2)
- 4.14 Skryf die sin oor, begin met die vetgedrukte woorde.
Hamlet en Sofia sit **elke dag** op die boomstomp. (1)

- 4.15 Skryf die sin oor in die TEENWOORDIGE TYD.
Hamlet het die dik boek gelees.
Begin só: Hamlet ... (1)
- 4.16 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.
Hamlet is lief vir boeke.
Begin só: Hamlet ... (1)
- 4.17 Watter uitdrukking sal by die laaste raampie pas?
Kies die KORREKTE ANTWOORD.
Hamlet het hom ... geskrik.
A deur die blare
B oor 'n boeg
C verlam
D boeglam (1)
- 4.18 Voltooi die INFINITIEF. Skryf die hele sin oor.
Begin só: Sofia is altyd reg ... met Hamlet ... baklei. (1)
[25]

VRAAG 5: REDIGERING

Jou vriend het 'n artikel vir julle skoolkoerant geskryf. Hy het vir jou gevra om die artikel deur te lees en die foute wat onderstreep is, reg te maak.

Water: Hoekom drink ons dit?


- 1 Glo jy daaraan om agt glasse water per dag te drink?
- 2 Is jy ook iemand wat bekommered is oor jou gesondheid en liewer gebottelde
- 3 water drink?
- 4 Dan is hierdie artikel vir jy bedoel!
- 5 Waarom drink baie mense gebottelde water_
- 6 • Ons is nie so seker dat kraanwater is skoon nie.
- 7 • Dit is so maklik om 'n bottels water te koop as jy in 'n winkel is en jy word
- 8 dors.
- 9 • Gebottelde water smaak lekkerste as kraanwater.
- 10 • Omdat ons omgee vir ons gesondheid, drink ons liewers gebottelde water
- 11 en nie koeldrank.
- 12 Het jy geweet:
- 13 • Gebottelde water is nie regtig gesonder as kraanwater nie?
- 14 • Jy het twentig tot dertig ml water per dag nodig, vir elke kilogram wat jy
- 15 weeg? As jy dus 60 kgs weeg, moet jy ten minste 1,8 liter water per dag
- 16 drink.

- 5.1 Verbeter die spelling van die onderstreepte woord in reël 1. (1)
- 5.2 Verbeter die spelling van die onderstreepte woord in reël 2. (1)
- 5.3 Verbeter die voornaamwoordfout in reël 4. (1)
- 5.4 Skryf die sin in reël 5 oor en vul die leesteken in wat uitgelaat is. (1)
- 5.5 Skryf die onderstreepte gedeelte in reël 6 oor en verbeter die woordorde. (1)
- 5.6 Gee die regte vorm van die onderstreepte woord in reël 7. (1)
- 5.7 Gee die regte vorm van die onderstreepte woord in reël 9. (1)
- 5.8 Skryf die onderstreepte deel in reël 10 oor en vul die ontkenningwoord wat weggelaat is, in. (1)
- 5.9 Gee die korrekte spelling van die onderstreepte woord in reël 14. (1)
- 5.10 Skryf die korrekte vorm van die afkorting vir die woord "kilogram" in reël 15. (1)

[10]

VRAAG 6: KRITIESE TAALBEWUSTHEID EN INTERPRETASIE VAN TEKSTE

In die prent is voorbeelde van swak kommunikasie.
Kyk na die prent en beantwoord dan die vrae.



Kies die beste antwoord om by elke situasie te pas. Skryf net die vraagnommer (6.1–6.5) en die letter (A–D) neer.

- 6.1 Die vrou het vir die man die verkeerde kleingeld gegee.
Kies die sin wat die kwaai man sal gebruik om haar baie sleg te sê en te laat huil.
- A “Ag nee, jy het dan vir my die verkeerde kleingeld gegee.”
 - B “Kan jy nie jou werk doen nie? Jou dom esel!”
 - C “My kleingeld is te min.”
 - D “Dis nie mooi om vir mense die verkeerde kleingeld te gee nie.”

(1)

- 6.2 Die kwaai man se vriend probeer hom kalmeer.
Kies die sin wat die vriend vir die kwaai man sal sê.
- A “Moenie so lelik met haar praat nie, kom ons loop eerder.”
B “Sy kan maar huil, sy het moeilikheid gesoek!”
C “Trane gaan niks regmaak nie!”
D “As ek jy is, sal ek vir haar bestuurder gaan sê.” (1)
- 6.3 Die seun is hartseer en ongelukkig.
Kies die sin wat die pa sal gebruik om hom te troos.
- A “Jy gaan later honger word.”
B “Eet jou kos!”
C “Eet ’n koekie, dalk sal jy dan beter voel.”
D “Doen wat ek vir jou sê!” (1)
- 6.4 Die seun is hartseer en ongelukkig en wil nie ’n koekie eet nie.
Kies die sin wat die seun sal gebruik om dit aan te dui.
- A “Waarom los jy my nie uit nie?”
B “Nee, ek wil nie eet nie!”
C “Ek is nie honger nie.”
D “Nee dankie, my hart is te seer om te eet.” (1)
- 6.5 Die man wil nie met die hond gaan stap nie.
Kies die sin wat die vrou sal gebruik om haar man te beveel om met die hond te gaan stap.
- A “Sien jy nie die hond wil gaan stap nie?”
B “Hoekom wil jy nie met die hond gaan stap nie?”
C “Goeie mans stap gereeld met hul honde.”
D “Gaan stap met die hond!” (1)

[5]**TOTAAL AFDELING C: 60**

AFDELING D: LETTERKUNDE**FEESMAAL – EA Swanepoel**

Hierdie afdeling bestaan uit TWEE VRAE.

Beantwoord EEN van die TWEE vrae.

VRAAG 7: TWEE GESIGTE – Elise Muller

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

“Sy sluit haar oë. Dit baat nie. Sy sien dit maar nog: Katrien in die lug, die hande wyd gesprei, die mond oop ... Katrien wat val, val ...”
’n Week voordat die mallemeule op die ou uitspanplek buitekant die dorp opgeslaan is, het Rinatjie reeds daarvan te hore gekom.

- 7.1 By wie het Rinatjie gehoor dat die mallemeule na die dorp toe kom? (1)
- 7.2 Hoeveel moes die kinders by die mallemeule vir ’n rit op die perdjies betaal? (1)
- 7.3 By wie moes Rinatjie geld kry om op die perdjies te ry? (1)
- 7.4 Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die vraagnommer (7.4.1–7.4.4) en die woord neer.

kaartjies; saaltjie; ruiters; mallemeule; tande; bankie

Hulle hardloop vorentoe en kom reg onder die ondersoeker van die (7.4.1) ... te staan. Hy help hulle op. Hy is ’n groot, fris geboude man met sterk arms, en hy lig vir Rinatjie hoog op en swaai haar in een slag nie alleen op die (7.4.2) ... nie, maar tot in die (7.4.3) ... van die naaste perdjie. Rinatjie gil verskrik en die man lag vrolik, sy lang, ongelyke (7.4.4) ... wys vriendelik toe hy Rosa optel. (4)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

Voor Katrien staan alles ’n telling roerloos stil. Ongeërg, net effens brutaal in haar weerloosheid, sê sy: “Ek het nie nog vyftig sent nie.”
Hy glo haar! Dit lyk of hy die saak daar laat. Sy skep weer asem, maar sy kyk hom nie agterna nie. En toe, onder die eerste gevoel van verligting, gewaar sy dat die snelheid van die mallemeule afneem, hoor sy hoe die mense onmiddellik teenkap, hoe stemme bo die musiek uitroep dat die rit glad te kort was, dat die ander baie langer gery het!

- 7.5 Rinatjie en Katrien moes ewe veel geld vir ’n rit betaal.
- 7.5.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 7.5.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.5.1 in EEN sin. (1)

- 7.6 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Wat het die ondersoeker vir Katrien beveel om te doen toe sy nie die rygeld kon betaal nie? Sy moes ...

- A die rit klaar maak en afklim.
- B dadelik afklim en nie verder ry nie.
- C op 'n ander keer ry.
- D op die bankies sit.

(1)

- 7.7 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Rinatjie wys haar simpatie met Katrien deur ...

- A angstig na haar te roep.
- B by haar te gaan sit.
- C vir haar 'n sakdoek te gee.
- D vir haar geld te gee.

(1)

- 7.8 Kies die antwoorde uit KOLOM B om by die karakters in KOLOM A te pas.
Skryf slegs die vraagnommer (7.8.1–7.8.4) en die letter (A–E) neer,
bv. 7.8.5 F.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---------|------------------|---------|---------------------------|
| 7.8.1 | Katrien | A | ryk en bederf |
| 7.8.2 | Rosa | B | wreed en dreigend |
| 7.8.3 | Rinatjie | C | teleurgesteld en verneder |
| 7.8.4 | Kaartjieverkoper | D | in ekstase en geskok |
| | | E | ongeskik en siek |

(4 x 1) (4)

- 7.9 Rosa was onsimpatiek.

Verduidelik hoekom hierdie stelling gemaak word.

(1)

- 7.10 Die storie se titel is: TWEE GESIGTE.

7.10.1 Na watter persoon verwys die titel?

(1)

7.10.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.10.1.

(1)

- 7.11 7.11.1 Watter deel van die verhaal oor Katrien het jou ongelukkig laat voel? (1)
- 7.11.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.11.1. (1)
- [20]**

OF

VRAAG 8: POTYSTER SWEIS NIE – PG du Plessis

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

Ek laai dus maar die skoolseun op wat met sy kleurbaadjie staan en duimgooi. Hy groet met 'n seunstem waarin die grootword begin kraak. Ek sien die kleurbaadjie word vinnig uitgegroeï en hy trek sy te lang arms so 'n bietjie terug om die moue nie te kort te laat lyk nie.

- 8.1 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.
- Tussen die hope yster in die skrootwerf grawe die verteller 'n ... uit.
- A stukkende radio
B weggooiketel
C weggooistofie
D stukkende wasmasjien (1)
- 8.2 Waarheen was die seun wat deur die verteller opgelaaï is, op pad? (1)
- 8.3 Waar het die seun gedurende die week gewoon? (1)
- 8.4 Kies die antwoorde uit KOLOM B om by die karakters in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (8.4.1–8.4.4) en die letter (A–E) neer, bv. 8.4.5 F.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---------|----------------|---------|---|
| 8.4.1 | Die verteller | A | maak tjips in die winkel gaar. |
| 8.4.2 | Die skoolseun | B | het weggeloop. |
| 8.4.3 | Die Portugees | C | ry vir die derde keer dié week plaas toe. |
| 8.4.4 | Die seun se ma | D | sê dat potyster nie sommer sweis nie. |
| | | E | sê as die ma nie die volgende dag kom werk nie, moet sy nie weer probeer kom nie. |

(4 x 1) (4)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

So tussen die kou deur, vertel hy van Maandag se wors en aartappels, Dinsdag se vis en aartappels, Woensdag se mystery balls en aartappels en so aan tot by die poeding. Dié kry hy by die koshuis net een keer per week, en by die huis elke dag. Sy pa wou hom al uit die koshuis vat, omdat die kos nie goed is nie, maar sy pa is baie besig met sy sake en hy wil nie sy pa met 'n ryery pla nie. Dié dat sy pa hom nie dié dag kom haal het nie, is oor hy self vir sy pa gesê het hy sal self by die huis kom.

- 8.5 Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die vraagnommer (8.5.1–8.5.4) en die woord neer.

sy broer; die seun; sy ma; sy suster; sy pa; sy vriende

- (8.5.1) ... moet Saterdag by die huis wees, want dan speel almal saam tennis.
 (8.5.2) ... kom oor om te kom swem. (8.5.3) ... gee sommer vir hulle op die grasperk kos. (8.5.4) ... is dan ook by die huis en braai altyd Saterdagaande. (4)
- 8.6 Watter verskoning het die seun gehad om sy stukkende skoene vir die verteller te verduidelik? (1)
- 8.7 8.7.1 Waar kon die verteller die seun aflaai? (1)
 8.7.2 Vir wie sou die seun daarvandaan bel? (1)
- 8.8 Hoekom het die Portugees agter die verteller aan, na buite toe, geloop? (1)
- 8.9 Kies die KORREKTE antwoord.
 Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.
- Wat het die Portugees aan die seun gesê, toe hy hom buite die winkel gesien het?
- A Dat sy ma siek is en hom nie kan kom haal nie
 B Dat die seun se ma hom met haar motortjie sal kom haal
 C Dat hy moeg is vir die siekspelery en nie kan aanhou om vir mense te sorg uit jammerte nie
 D Dat sy pa besig is met sy sake en een van sy bakkies sal stuur om hom te kom haal (1)
- 8.10 Die seun se ma was 'n alleenouer.
 8.10.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
 8.10.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.10.1. (1)
- 8.11 Waarom wou die verteller vir die seun geld gee? (1)
- 8.12 Gee EEN rede waarom jy dink die seun nie die geld wou vat nie. (1)

[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 120